

Die goeie nuus eerste

Die algemene standaard van die skryfwerk toon 'n besliste verbetering in vergelyking met verlede jaar.

- Dit was duidelik dat daar by meer skole werklike skryfonderrig plaasgevind het.
- Daar was net enkele kandidate wat nie die korrekte formaat van die transaksionele tekste geken het nie.
- Paragrafering was beslis beter as die vorige jaar. Daar was sentra waar al die kandidate lang en kort paragrawe effektief afgewissel het.
- By talle sentra lyk dit asof die onderwysers die kandidate motiveer, inspireer en lus maak om te skryf. Daar was meer voorbeelde van woordspeling, fyn humor en van 'n grappige of interessante kinkel in selfs 'n resep, iets wat die hart van selfs 'n moeë nasiener kon verbly.
- Dit was asof die top kandidate selfs sprankelender geskryf het as die vorige jaar.

Maar nou vir die slegte nuus

Daar was te veel sentra met die volgende probleme:

- **Lang, oorloopsinne.** Verskillende sake is in dieselfde sin genoem en verbind met *en*, *maar* of *want* 'want die kandidate wou te veel dinge noem maar dit het geen verband met mekaar nie en die die sin hou net aan en aan en die nasiener moet alles lees en probeer verstaan en ...'
- Dit het soms gelyk asof die **beplanning** (wat byna almal nougeset doen) geen positiewe invloed op die finale produk gehad het nie. Meer aandag moet gegee word aan die inoefening van sinvolle beplanning.
- **Lees gee vlerke!** Daar was te veel kandidate wat skynbaar glad nie lees nie. Onderwysers kan ongelukkig nie al die kandidate in hulle klasse se leefwêreld verander of selfs uitbrei nie, maar as hulle lees, kan hulle dit self doen.

Wenke aan die onderwyser:

1. Sorg dat al die kandidate die **formate** van die verskillende tekssoorte ken. Daar is te veel sentra waar die kandidate - en seker ook hulle onderwysers - nie besef nie dat die kort transaksionele teks in Afdeling C amper net soveel punte tel as die roman of die drama.
2. Kandidate moet besef dat 'n byna onleesbare handskrif in 'n dowwe ink tot 'n teks lei wat "onvriendelik" is vir die leser – en die nasiener.
3. In 'n opstel moet afkortings soos die volgende: *bv.*, *ens.*, of *a.g.v.*, uitgeskryf word.
4. *Ma of Pa of Oupa* as aanspreekvorme is eiename en word met hoofletters geskryf, in teenstelling met 'Daar staan my *oupa*, my *pa* en my *ma*'.
5. Spelling

bestanddele (nie *bestandele* nie)
benodighede én **benodighede** is korrek
onstuimig, maar **ontsettend**
'n **verrassingspartytjie** (beslis nie 'n *verassingspartytjie* nie)
Ek het jou moeite **waardeer** (nie *waardeur* nie)
Hallo (nie *Hello* nie)

6. Tipiese taal- en stylfoute:

Som (i.p.v. **sommige**) kinders
Hulle praat *saam* (i.p.v. **met**) hul ouers.
Dis *almal* (i.p.v. *al*) die redes.
Hy het baie probleme *gehet* (i.p.v. **gehad**).
Ek wil eendag iets *bekom* (i.p.v. **word** of *bereik*) in die lewe.